

'N OMGEWINGSBESTUURSTELSEL VIR WANDELPAADIE IN DIE
GOLDEN GATE HOOGLAND NASIONALE PARK

DEUR

FREDERIK JOHANNES ERASMUS (M.Sc: GEOMORFOLOGIE)

SKRIPSIE VOORGELê TER GEDEELTELIKE VERVULLING VAN DIE
VEREISTES VIR DIE GRAAD MAGISTER SCIENTIAE (OMGEWINGS-
BESTUUR EN -ANALISE) IN DIE DEPARTMENT GEOGRAFIE EN
OMGEWINGSTUDIE, AAN DIE POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT
VIR CHRISTELIKE HOËR ONDERWYS

STUDIELEIERS: PROF A.B. DE VILLIERS

MNR.J.G. NEL

POTCHEFSTROOM

NOVEMBER 1996

**'N OMGEWINGSBESTUURSTELSEL VIR DIE WANDELPAAD IN DIE
GOLDEN GATE HOOGLAND NASIONALE PARK**

INHOUDSOPGAWE	BLADSY
1 ALGEMENE INLEIDING	1
1.1 NAVORSINGSMETODE	4
1.2 DOELWITTE	5
1.3 LIGGING	6
1.4 GEOLOGIE	7
1.5 GRONDTIPES	9
1.6 TOPOGRAFIE	9
1.7 KLIMAAT	10
1.8 DREINERING	10
1.9 PLANTEGROEI	11
1.10 SAMEVATTING	11
2 TEORETIESE OORSIG OOR EROSIE IN DIE WANDELPAD- OMGEWING	 13
2.1 EROSIE IN DIE OMGEWING	13
2.1.1 DEFINISIE VAN EROSIE	13
2.1.2 DIE EROSIEPROSES EN EROSIETIPES	13
2.1.3 VERLIES AAN PLANTVOEDINGSTOWWE AS GEVOLG VAN EROSIE	 21
2.1.4 SAMEVATTING	22

3 ANALISE VAN WANDELPADDATA VAN DIE GOLDEN GATE HOOGLAND NASIONALE PARK	23
3.1 INLEIDING	23
3.2 LIGGING VAN MEETPUNTE	23
3.3 ONDERSKEID TUSSEN DROë EN NAT MEETTYDPERKE	24
3.4 VOETPADHELLINGS EN HELLINGS OP DIE AANGRENSENDE HANGE VAN VERSKILLENDE WANDELPAD/GESTEENTETIPE ASSOSIASIES	24
3.5 VOËTSLAANDATA (AANTAL STAPPERS)	25
3.6 GEMIDDELDE EROSIEWAARDES VIR VERSKILLENDE WANDELPADMEETPUNTE:DROë EN NAT TYDPERKE	26
3.7 KORRELASIE TUSSEN GEMIDDELDE EROSIEWAARDES EN SEKERE TOPOGRAFIESE VERANDERLIKES	30
3.8 GEVOLGTREKKING T.O.V. KORRELASIES VIR DIE ONDERSKEIE WANDELPAD/GESTEENTETIPE ASSOSIASIES	34
3.9 IDEALE MEETPUNTE UIT DIE ONDERSKEIE GEKOSE WANDELPAD/GESTEENTETIPE ASSOSIASIES SE MEETPUNTE	36
3.10 ANALISE VAN GRONDATA	37
3.10.1 Invloed van erosie op die teenwoordigheid van plantvoedingstowwe in die wandelpad	37
3.10.2 Tekstuuranalise	38
3.10.3 Grondkompaksie	39
3.11 KWALITATIEWE ANALISE VAN DIE WANDELPAAIE	40
3.11.1 Die invloed van fisiese beperkings van wandelpaaie	40
3.11.2 Visuele waarnemings van die fisiese agteruitgang van 'n wandelpad	42

3.11.3 Huidige metodes om erosie te bekamp en 'n meer permanente loopoppervlakte te verseker	44
3.11.4 'n Moontlike alternatiewe metode om erosie/ die verdere degradasie van die wandelpaaie in die Golden Gate Hoogland Nasionale Park te bekamp	49
3.12 SAMEVATTING	50
4 OMGEWINGSBESTUURSTELSEL VIR WANDELPAAIE IN DIE GOLDEN GATE HOOGLAND NASIONALE PARK	52
4.1 ALGEMEEN	52
4.2 BESLUITNEMINGSMATRIKS T.O.V. OMGEWINGSINVLOEDE SE BEDUIDENHEID IN VERSKILLENDE WANDELPAD/ GESTEENTETIPE ASSOSIASIES	54
4.3 WETLIKE ASPEKTE WAT VAN TOEPASSING IS OP WANDELPAAIE	60
4.4 OMGEWINGSBESTUURSPROGRAM VIR WANDELPAAIE IN DIE GOLDEN GATE HOOGLAND NASIONALE PARK	62
4.4.1 Omgewingsbeleid t.o.v. wandelpaaie	62
4.4.2 Doelwitte	63
4.5 IMPLEMENTERING	76
4.5.1 Verantwoordelikheid t.o.v. implementering	76
4.5.2 Opleiding	77
4.6 KONTROLE EN KORREKTIEWE AKSIE	77
4.6.1 Monitering	77
4.6.2 Omgewingsbestuurstelseloudit	78

4.7 HERSIENING EN VERBETERING VAN DIE OMGEWINGS- BESTUURSTELSEL	78
4.8 GEVOLGTREKKING EN AANBEVELINGS	79
5 BRONNELYS	83
6 BYLAAG: A FIGURE	87
B TABELLE	143
C ISO 14 001	154
ABSTRACT	177
BEDANKINGS	178

'N OMGEWINGSBESTUURSTELSEL VIR DIE WANDELPAAIE IN DIE GOLDEN GATE HOOGLAND NASIONALE PARK

1 ALGEMENE INLEIDING

Die wandelpaaie in die Golden Gate Hoogland Nasionale Park vorm 'n integrale deel van die toeriste-aantreklikheid van die gebied. Die totale lengte van die wandelpaaie is meer as 30 kilometer. Jaarliks maak duisende toeriste gebruik van die wandelpaaie. As gevolg van toeristedruk op die wandelpaaie is agteruitgang reeds ver gevorder op sekere gedeeltes van die padstelsel. Volgens Garland (1990:793) is een van die grootste probleme waarmee wildernisbestuurders juis in die Drakensberg gekonfronteer word, wandelpaderosie. Daar is 'n toenemende vraag en gevolglike druk op die wandelpaaie.

Volgens Garland (1990:793) sal daar 'n toename in die grootte en kapasiteit van wandelpadnetwerke in Suid-Afrika moet wees. Dit is belangrik dat wandelpaaie so uitgelê sal word dat die onderhoudsvereistes tot 'n minimum beperk sal word. Die huidige bestuur van die wandelpadstelsel is dan ook hoofsaaklik ingestel om te poog om die geweldige erosie wat plaasvind, te stuit. Daar bestaan 'n wesentlike gevaar dat die omgewing nóg verder beskadig kan word indien erosie nie onder beheer gebring word nie. Volgens Grey (1988:47,51) is bewaringsbestuurders meer geïnteresseerd in die tempo van grondverlies as die meganisme vir erosie. Versnelde erosie word gewoonlik geassosieer met kulturele kenmerke soos wandelpaaie in die landskap.

Volgens Garland (1979:273) het die daarstelling van wandelpaaie in die Drakensberg gelei tot versnelde erosietempo's. Volgens Hugo (1987:5) kan die negatiewe invloed wat voetslaan as grondgebruik tipe op die omgewing uitoefen, tot 'n minimum beperk word indien die beplanning van die roetes met goeie oordeel geskied en die potensiele invloede geantisipeer kan word. Dit is noodsaaklik om die beoefening van die aktiwiteit in die regte lokaliteit te plaas, sodat beskadiging aan die ekosisteem tot 'n minimum beperk word. Volgens Garland (1990:793) lei wandelpaderosie tot die agteruitgang van 'n nie-hernubare hulpbron. Ten einde toenemende onderhoudskostes te beperk, moet roetes so gekies word wat onderhoud sal minimaliseer, sonder buitensporige erosie en gevolglike degradasie van die wandelpad. Volgens Garland (1990:793) het navorsing 'n positiewe verbintenis getoon tussen die gebruik van wandelpaaie deur stappers en erosie. Volgens Smith (1994?: 3) veroorsaak die stapaksie van die stapper meer erosie, in vergelyking met die rolaksie van die wiele van 'n bergfiets.

Ruff, et al. (1994:80) stel dat daar 'n behoefte bestaan om die belange van bewaring en rekreasie te balanseer, en om die omgewingsinvloed as gevolg van erosie te verminder op die wandelpadroetes (soos in die geval van bestaande wandelpaaie in die Golden Gate Hoogland Nasionale Park). Dit impliseer dat daar 'n behoefte aan bestuur is. Bestuur kan dan ook drie vorme aanneem, naamlik:

- * bestuur van mense, bv. hindernisse, inligtingsborde, alternatiewe roetes, ens.;
- * bestuur van die hulpbron, bv. dreinerings, aanplantings, ens.;
- * bestuur van mense en die hulpbron: bv. herstel van die wandelpad, konstruksie,

trappe, ens.

Volgens Ruff, et al.(1994:83) het die Countryside Commission (1993) in Engeland, wandelpadbestuur beskryf as reaktief en gefragmenteerd, en die Ramblers Association beskryf die benadering t.o.v. die meeste wandelpaderosie as krisisbestuur. Beide organisasies het aangedui dat daar 'n gebrek aan hulpbronne bestaan om die probleem effektief aan te spreek.

Volgens Ruff, et al.(1994:83) moet sensitiewe en toepaslike bestuur van wandelpaaie in nasionale parke as baie belangrik beskou word, gegewe die tweeledige doel van bewaring van die natuurskoon en die bevordering van 'n hoë gehalte omgewingservaring van die publiek. In 'n opname van die bestuur van wandelpaaie in tien nasionale parke in Engeland en Wallis, is gevind dat die beheer van erosie en toegang van die hoof vraagstukke is en die bestuur van mense of die drakapasiteit van die wandelpaaie van minder belang was. Daar is 'n duidelike behoefte aan beleide t.o.v. die bestuur van wandelpaaie, wat insluit die daarstelling van kriteria vir bestuur, monitering, bestuurshulpmiddele soos bestuursplanne, onafhanklike spesialiste en hulpbronne vir wandelpadbestuur.

Die vraag wat in hierdie studie gevra word is : Is toeristedruk op die wandelpaaie direk verantwoordelik vir die agteruitgang van die wandelpaaie en indien agteruitgang van die wandelpaaie a.g.v. erosie wel voorkom, wat is die oplossing om die verdere agteruitgang te verhoed?

Dit kan verwag word dat die wandelpaaie in die Golden Gate Hoogland Nasionale Park, soos in die Drankensberge, fisiese agteruitgang as gevolg van erosie sal toon, wat direk toegeskryf word aan die aantal stappers en hulle stapaksie. Dit word verder voorsien dat sekere gesteentetipe/wandelpad assosiasies meer erosie sal toon as ander. Ten einde die verdere agteruitgang van die wandelpaaie te verminder en moontlike negatiewe omgewingsinvloede op die omliggende omgewing te verhoed, moet omgewingsbestuur van die wandelpaaie toegepas word aan die hand van 'n omgewingsbestuurstelsel, binne die raamwerk van die ISO 14001 omgewingsbestuurstandaardriglyne. Die balans tussen die belange van bewaring en rekreasie is nodig, wat slegs bereik kan word as omgewingsbestuur aan die hand van 'n omgewingsbestuurstelsel toegepas word in die Golden Gate Hoogland Nasionale Park.

1.1 NAVORSINGSMETODE

In hierdie studie is 25 meetpunte gekies wat verteenwoordigend is t.o.v. verskillende gesteentetipes, voetpadhellings en hellings van aangrensende hange wat gesamentlik deel uitmaak van verskillende gedegradeerde wandelpadseksies/fisiografiese eenheid assosiasies.

Ten einde die gemiddelde erosiewaardes te bepaal is gebruik gemaak van die selfontwerpte dwarsprofielmetode (Figuur 3.4, bl.107). Vir die doel van die studie is daar drie stelsel metings geneem in onderskeidelik April en September 1994, en April 1995.

Onderskeie meetpunte se voetpad- en hellings van die aangrensende hange is met behulp van die klinometer/staafmetode bepaal. Voetslaandata is verkry m.b.v. twee elektroniese tellers wat by die beginpunte van die wandelpaie geïnstalleer is.

Ten einde 'n aanduiding te kry van die teenwoordigheid van plantvoedingstowwe in die wandelpad en die aangrensende natuurlike veld, is grondanalises op grondmonsters van die wandelpadmeetpunte gedoen. 'n Sifanalise is gedoen, ten einde die tekstuursamestelling van die grondmonsters te bepaal. Penetrometermetings is in die wandelpad en die natuurlike veld geneem vir elk van die 25 meetpunte.

Kwalitatiewe analises is ook gedoen deur die neem van sigvlak kleurfoto's m.b.v. 'n 35mm-kamara.

1.2 DOELWITTE

Die doelwitte van hierdie studie is soos volg:

- * die bepaling van die aard en mate van agteruitgang van die spesifieke wandelpad/
gesteentetipe assosiasies;
- * die bepaling van die korrelasie tussen gemiddelde erosiewaardes en sekere

topografiese veranderlikes;

- * die bepaling van die invloed van erosie op die teenwoordigheid van plantvoedingstowwe en die tekstuur van die grond in die wandelpad;
- * die bepaling van die mate van kompaksie in die natuurlike veld en die wandelpad;
- * die bepaling van die redes vir agteruitgang;
- * die bepaling van die invloed van fisiese beperkings van wandelpaaie;
- * kwalitatiewe analise van huidige metodes om erosie te bekamp en 'n meer permanente loopoppervlakte te verseker;
- * die bepaling van 'n moontlike alternatiewe metode om erosie/ die verdere degradasie van die wandelpaaie in die Golden Gate Hoogland Nasionale Park te bekamp.
- * die ontwerp van 'n omgewingsbestuurstelsel om agteruitgang van die wandelpaaie te verminder, bestaande vervalle gedeeltes so goed as moontlik te rehabiliteer en te verseker dat toekomstige gebruik vir rekreasie in balans met die omgewingbewing sal wees.

1.3 LIGGING

Die Golden Gate Hoogland Nasionale Park is in die Rooiberge van die Noordoos - Vrystaat geleë waar dit deel vorm van die voetheuwels van die Maluti-bergreeks (Figuur 1.1, bl. 88). Die park beslaan 'n oppervlakte van sowat 11 630 hektaar. Die park word begrens deur Lesotho aan die suidekant, terwyl die Vrystaat die res van die park begrens (Figuur 1.1, bl. 88). Die ligging van die wandelpaaie (Ribbokvoetslaanpad en die ander dagroetes) word ook aangetoon in figuur 1.1, bl. 88.

1.4 GEOLOGIE

Die gesteentes wat in die Golden Gate Hoogland Nasionale Park voorkom (Figuur 1.2, bl. 89), verteenwoordig die jongste gesteentelae t.o.v. die Karoo-opeenvolging met indringings van doleriet. Die onderliggende geologie bestaan uit moddersteen, sandsteen en sliksteen wat van die laerliggende dele van die Park uitmaak. Clarens sandsteen vorm die prominente kranse en plato's en basaltiese lawa vorm die onderliggende geologie van die hoogliggende steil hange (Brady, 1993:36; Odendaal, 1985:135).

Die volgende geologiese formasies word van onder na bo teen die hange aangetref, naamlik:

Molteno-formasie:

Dit bestaan uit liggrys tot gelerige, glinsterende, fyn- tot grofkorrelrige, grinterige en arkosiese sandsteen, afgewissel deur lae donkergrys tot blouerige, sanderige skalie wat gelerig verweer. Die hele suksessie is opgebou uit fluviële afsettings (Visser, 1989:150).

Elliot-formasie (Rooilae of moddersteen):

Dit bestaan uit bruinrooi en groengrys moddersteen, sliksteen en skalie, afgewissel deur rooierige sandsteen en veral aan die basis, dik, lensagtige lae veldspatiese sandsteen wat ooreenkoms met die sandsteen van Formasie Molteno toon (Visser, 1989:151).

Die rooibruin moddersteen kom voor in die laerliggende dele van die valleie en is meesal deur rotspuin en grond bedek.

Clarens-formasie (Holkranssandsteen):

Dit bestaan uit fynkorrelrige, eoliese sandsteen wat getuig dat die toenemende Laat Triassiese uitdroging in hierdie formasie sy toppunt bereik-het. Naby die basis is die formasie ietwat kleiig, ligroos van kleur en op plekke selfs dieprooi, maar hoër op is dit wit of gelerig. Dagsome word in die veld gekenmerk deur kranse wat aan die basis uitkalwe om holkranse te vorm (Visser,1989:152).

Hierdie formasie vorm die skouspelagtige geelbruin kranse in die park. Die Golden Gate-en Brandwagrots is voorbeelde van baie fyn sandsteen wat onder woestyntoestande deur wind afgeset is. Die dikte van die lae wissel van 140 tot 160 meter (Groenewald,1986:174).

Drakensberg-formasie (Basaltiese lawa):

Hierdie donkerkleurige formasie is basaltiese lawa wat die sandsteen bedek. Die ouderdom van die formasie is sowat 190 miljoen jaar. Dikte van die lawa kan soveel as 600 meter wees soos by Ribbokkop. Dolerietgange, en -plate word ook in die park aangetref (Groenewald,1986:176-177)(Visser,1989:153).

1.5 GRONDTIPES

Die mees algemene grondtipe wat voorkom op die sandsteenhange is Glenrosa, terwyl Hutton en Clovelly gronde meer algemeen voorkom op die platogedeeltes. Ten spyte van die steil gradiënt van die hange word 'n digte gematigde grasbedekking ondersteun wat die hange stabiliseer teen erosie. Die dominante gronde wat voorkom op die suidelike hange is die Milkwood, Mayo, Mispah en Glenrosa. vorme en op die noordfront hange is dit die Mayo en rooi Shortland grondvorme. Ander dominante grondvorme is Oakleaf en Inhoek wat langs die Klein- Caledonrivier en sy sytakke voorkom (Brady, 1993:37-38).

1.6 TOPOGRAFIE

Die Golden Gate Hoogland Nasionale Park is bergagtig met diep klowe, ravyne, valleie (200 -500 meter diep) en bergkomme (Figuur 1.1, bl. 88). Bergrûe en plato's kom algemeen voor (Figuur 1.1, bl. 88). Groot hoogteverskille oor 'n kort afstand is kenmerkend. Die hoogste punt in die Park is Ribbokkop met 'n hoogte van sowat 2 829 meter bo seespieël. Die Klein-Caledonriviervallei verdeel die Park in 'n groter suidelike deel en 'n kleiner noordelike deel (Odendaal, 1985:132).

Soos blyk uit die hangklaskaart (Figuur 1.3, bl. 90) besit die groter suidelike deel van die Park baie steil hange (hellings $>$ as 30%) en die noordelike deel het hange met hellings wat wissel van gelyk tot baie steil. Die grootste deel van die Ribbokvoetslaanpad (ongeveer 17 km) kom in die suidelike gedeelte van die Park voor. Die dagroetes kom hoofsaaklik in die noordelike deel voor.

1.7 KLIMAAT

Die Golden Gate Hoogland Nasionale Park ondervind 'n warm gematigde klimaat (Cwb-klimaatstipe volgens Köppen- (Strahler, 1975:243-247) met 'n somerreënval. Die gemiddelde jaarklikse reënval is sowat 810,6mm (Weerburo:1965-1994). Die gemiddelde maandelikse reënval word aangetoon in figuur 1.4, bl. 91. Volgens Köppen (Strahler, 1975:243-247) in die beskrywing van 'n Cwb-klimaatstipe; is die gemiddelde temperatuur van die koudste maande kouer as 18°C , maar die minimum temperatuur is normaalweg hoër as -3°C met minstens een maand hoër as 10°C . Die winter is droog (w) en dit is dus hoofsaaklik 'n somerreënvalstreek. Die droogste maand se reënval is minder as 30 mm en die natste maand is tot drie keer natter as die droogste maand. Gedurende die somermaande is die gemiddelde temperatuur van die warmste maand laer as 22°C (Strahler, 1975:243-247).

1.8 DREINERING

Die Park se dreineringsstelsel (Figuur 1.1, bl. 88) is in 'n jeugdige staat en die Klein-Caledonrivier, wat in die oostelike gedeelte van die Park ontspring en weswaarts vloei, en spruite is besig om hulle kanale dieper in te sny. Die stroombeddings is duidelik sigbaar en smal. Die dreineringspatroon word deur 'n naatstelsel beheer en in die bo-loopgedeeltes is gewoonlik dendrities. Die Klein-Caledonrivier is die grootste van hierdie natuurlike afvoerkanale (Odendaal,1985:135).

1.9 PLANTEGROEI

Die plantegroei is tipiese suurgrasveld met 'n opvallende skaarste aan inheemse bome. Die grasveld kan in twee groepe verdeel word, naamlik :

- * Hoogland suurveld (veldtipe no. 44 a, volgens Acocks, 1975) wat voorkom in die laagliggende gedeeltes van die Park ; en .
- * Themeda-Festuca Alpyense grasveld (veldtipe no. 58 , volgens Acocks, 1975) wat algemeen voorkom op hoogliggende gedeeltes waar sandsteen en basaltiese lawa in kontak is (Brady, 1993: 40).

1.10 SAMEVATTING

Uit die algemene inleiding blyk dit dat toeristedruk op wandelpaaie beskou word as 'n faktor wat aanleiding gee tot die verdere agteruitgang van wandelpaaie as gevolg van erosie. Tans word huidige bestuur van wandelpaaie as hoofsaaklik krisisbestuur beskou. Daar is gevolglik 'n behoefte om wandelpaaie in veral nasionale parke, as 'n nie-hernubare hulpbron te bestuur. Dit is noodsaaklik dat beplanning van nuwe wandelpaaie in balans met die omgewing sal plaasvind.

Ten einde verdere agteruitgang van die wandelpaaie te verminder en die moontlike negatiewe omgewingsinvloede op die omliggende omgewing te verhoed, moet

omgewingsbestuur van die wandelpaaie toegepas word aan die hand van 'n omgewingsbestuurstelsel.

In die Golden Gate Hoogland Nasionale Park kom verskeie wandelroetes voor. 'n Verskeidenheid in landskapskenmerke, gesteentetipes, grondtipes en plantegroeitipes kom voor, waaruit die omgewing bestaan, waarbinne wandelpaaie aangetref word. Vervolgens word gebruik gemaak van verskillende metodes ten einde kwantitatiewe en kwalitatiewe analises te doen van die fisiese agteruitgang van die wandelpaaie in die Park.

HOOFSTUK 2

2. TEORETIESE OORSIG OOR EROSIE IN DIE WANDELPADOMGEWING

2.1 EROSIE IN DIE OMGEWING

Ten einde erosie in die wandelpadomgewing en die oorsake en gevolge daarvan beter te begryp, word daar vervolgens gekyk na erosie in die algemeen en aspekte van erosie wat van toepassing is op die wandelpadomgewing.

2.1.1 DEFINISIE VAN EROSIE

Volgens Brady (1974: 234) is erosie die losmaak en vervoer van grond deur wind of water. Volgens Morgan (1986: 12) is erosie 'n tweefase-proses wat bestaan uit die:

- * LOSMAAK van individuele gronddeeltjies;
- * VERVOER deur erosie-agense soos lopende water en wind.

Wanneer die beskikbare energie afneem, vind die derde fase, naamlik AFSETTING plaas (Morgan, 1986: 12).

2.1.2 DIE EROSIEPROSES EN EROSIETIPES

Spaterosie is die belangrikste losmaakagens in die natuur. Lopende water en wind is verdere bydraende faktore t.o.v. die losmaak van gronddeeltjies. Twee groepe transportagense word onderskei, naamlik spaterosie en plaatvloei in die een groep, en groefafloop in die ander groep. Die intensiteit van erosie hang af van die kwantiteit van die

materiaal wat voorsien word in die losmaakaksies en die kapasiteit van die erosie-agense om dit te vervoer (Morgan,1986: 12).

Die massa van 'n reëndruppel, 2.5 mm in deursnee, is ongeveer 12.000 keer groter as die massa van 'n grondpartikel van 0.1 mm in deursnee. Die kinetiese energie waarmee die druppel die grond tref, kan dus 'n grondpartikel van diè grootte oor 'n aansienlike afstand beweeg. Hierdie aanvanklike vorm van erosie is bekend as SPATEROSIE (Van Oudtshoorn,et al.1991: 17).

Bronne van energie vir erosie is beskikbaar in twee vorme, naamlik potensiële en kinetiese energie. Potensiële energie is die resultaat van 'n verskil in hoogte van die een liggaam ten opsigte van 'n ander. Dit is die produk van massa(m), hoogteverskil(h) en versnelling as gevolg van gravitasiekrag (g):

$$\begin{aligned} PE &= mgh \\ &= \text{kg} \cdot \text{meter} \cdot \text{m} \cdot \text{s}^{-2} \\ &= \text{Joules} \end{aligned}$$

Potensiële energie word omskep in kinetiese energie(KE), energie van beweging. Dit word in verband gebring met massa en snelheid (v) van die erosie-agens in die volgende uitdrukking:

$$\begin{aligned} KE &= 1/2 m \cdot v^2 \\ &= \text{kg} \cdot \text{m} \cdot \text{s}^{-2} \\ &= \text{Joules} \end{aligned}$$

Die meeste van die energie gaan verlore tydens wrywing (3-4%) van die lopende water en sowat 0.2% van die reëndruppels (Morgan,1986 : 13).

Soos die erosieproses voortgaan, word die slootjies dieper en wyer om indrukwekkende soort erosie, naamlik DONGA-EROSIE, te vorm (Van Oudtshoorn,et al.1991: 19).

2.1.2.1 FAKTORE WAT EROSIE BEÏNVLOED

Faktore wat erosie beïnvloed is die :

- * erosiwiteit van die eroderingsagens (wind,water);
- * erodeerbaarheid van die grond;
- * helling;
- * aard van die plantbedekking (Morgan,1986: 40).

2.1.2.1.1 Erosiwiteit van die eroderingsagens

Grondverlies is nou verwant aan reënvalintensiteit deur die losmaakrag van die reëndruppel en reënval se bydrae tot afloop. Volgens Morgan (1986: 40) wys talle studies daarop dat daar 'n toename in sedimentverlies is met 'n toename in intensiteit van die storm.

Erosie hou direk verband met twee reënvaltipes, naamlik kort intense storms (waar dit die infiltrasiekapasiteit van die storm oortref) en langdurige storms (wat die grond versadig).

Die reaksie van die grond m.b.t. erosie kan bepaal word deur voorgemelde weerstoestande. Soos wat die grond benat word deur opeenvolgende reënbuie, is daar 'n toename in afloop en gevolglik erosie. Die kontrole is die grondvoghoud. Dit kan ook gebeur dat die grond losgemaak word deur 'n ligte bui, wat kan lei tot die verwydering van die grootste hoeveelheid van die beskikbare sediment (Morgan, 1986: 42).

2.1.2.1.2 Erodeerbaarheid van die grond

Volgens Morgan (1986: 48) omskryf erodeerbaarheid die weerstand van die gronddeeltjies teen beide losmaak en vervoer. Gronderodeerbaarheid hang af van die :

- * topografiese ligging;
- * helling van die hang;
- * hoeveelheid versteuring;
- * grondkenmerke;
- * hanglengte.

Erodeerbaarheid varieër met :- grondtekstuur;

- aggremaatstabiliteit;
- skeursterkte;
- infiltrasiekapasiteit;
- organiese materiaalinhoud;
- chemiese samestelling.

(Morgan, 1986: 48).

- grondlug;
- voginhoud

(Stocking, et al. 1976: 11).

Groot gronddeeltjies bied weerstand teen vervoer. Klei-deeltjies is weerstandbiedend as gevolg van kohesiegedrag. Slik en fynsand bied die minste weerstand teen erosie. Gronde met 'n slikinhoud van tussen 40 en 60% is hoogs erodeerbaar (Morgan, 1986: 48).

Die gebruik van klei-inhoud is teoreties meer bevredigend as 'n indikator van erodeerbaarheid, aangesien kleideeltjies aggregate vorm met organiese materiaal. Die stabiliteit hiervan bepaal die weerstand van die grond teen erosie. Grondtipes met 'n groter hoeveelheid basisminerale is meer stabiel, aangesien dit bydra tot die chemiese binding van die aggregate. Die benatting van die grond verswak aggregate, aangesien dit die kohesiekragte verswak, sementeringsbindings versag en swelling plaasvind (soos wat die kleideeltjies die water absorbeer). Vinnige benatting kan ook ineenstorting van aggregate veroorsaak deur middel van blussing. Aggregaatstabiliteit is afhanklik van die tipe kleimineraal. So is illiet en smektiet se aggregate meer onstabiel as gevolg van swelling en krimpings, in vergelyking met kaolinet. Die smektiet se sterkte hang af van die natriumabsorpsieverhouding. Namate dit toeneem (die verplasing van Ca-en Mg-ione deur natrium), so neem die wateropname ook toe en saam daarmee die moontlikheid van swelling en ineenstorting van aggregate (Morgan, 1986: 48-49).

Die skuifskleursterkte is 'n maatstaf van die kohesie (samekleding) en weerstand t.o.v. skuifskeurkragte wat uitgeoefen word deur gravitasiekrag, bewegende vloeistowwe en meganiese kragte. Die sterkte word verkry uit die wrywingsweerstand van die gronddeeltjies wat oor mekaar beweeg, die mate waartoe die spanningskragte geabsorbeer word, kohesiekragte en oppervlakspanningskragte in voglagies in die onversadigde grond. 'n Toename in grondvog lei tot 'n afname in skuifskleursterkte en gevolglik in 'n verandering in die gedrag van die grond. Die grond verander van 'n vaste toestand na 'n meer plastiese toestand met 'n groter waterinhoud. Die punt van toestandverandering staan bekend as die plastiese limiet. Met verdere benatting begin die grond vloei. Skuifskleursterkte kan as indikator van erodeerbaarheid gebruik word (Morgan,1986: 49-50).

Infiltrasiekapasiteit van 'n grond word beïnvloed deur die tempo waarteen die grond water kan absorbeer. Dit word beïnvloed deur grootte van porieë (tekstuur), die stabiliteit van die porieë en die vorm van die grondprofiel. Indien korsvorming in sandgrond se oppervlakteprofiel aanwesig is, kan dit infiltrasie benadeel (Morgan,1986: 50-51). Die kors ontstaan as gevolg van inwas van klein gronddeeltjies en die kompaktering deur reëndruppels van die boonste 0.1 mm van die grondoppervlakte. Die porositeit van die oppervlak word gevolglik verminder en ook permeabiliteit (tot 10 keer) (Stocking,et al.1976: 11). Die gevolg hiervan is dat die afloop verhoog en die ondergrond droog bly (Morgan,1986: 50-51). Die mees effektiewe manier om sulke kompaksie te verhoed, is deur middel van 'n goeie plantbedekking en plantoorblyfsels (Stocking,et al.1976: 11).

Infiltrasiekapasiteit word beïnvloed deur :

- * grondtekstuur;
- * persentasie organiese materiaal;
- * tipe en hoeveelheid swellende kleie;
- * gronddieptes;
- * teenwoordigheid van ondeurdringbare lae

(Brady,1974: 238).

2.1.2.1.3 Helling van die hang

Erosie sal toeneem met 'n toename in helling en hanglengte wat respektiewelik die resultaat is van 'n toename in die snelheid en volume van oppervlakafloop (Morgan,1986:56; Brady,1974:238).

Op 'n gelyk oppervlak spat gronddeeltjies as gevolg van die impak van die reëndruppels in alle rigtings. Op 'n hang met 'n redelike helling sal meer spaterosie hangafwaarts voorkom.

Die verwantskap tussen erosie en helling kan uitgedruk word

as: $Q_s = \tan^m O L^n$

waar: Q_s - hoeveelheid erosie/ eenheidsarea

O - gradiënthoek in grade

L - hanglengte.

m , n - eksponente

(Morgan,1986: 56).

2.1.2.1.4 Die invloed van plantbedekking op erosie

Plantbedekking speel 'n belangrike rol in die vermindering van erosie aangesien dit reëndruppels onderskep. Die kinetiese energie van die reëndruppels word geabsorbeer deur die plante. Sommige van die onderskepte water kan verdamp voordat dit die grond kan bereik. Daar is 'n eksponensiële afname in grondverlies met 'n toename in die onderskepping van kinetiese energie van die reëndruppels deur 'n toename in die persentasie kroonbedekking (Morgan, 1986: 58; Stocking, et al. 1976: 6).

Die effektiwiteit van 'n plantbedekking om erosie te verminder hang af van die :

- * hoogte van die plantegroiebedekking;
- * kontinuïteit van die kroonbedekking;
- * digtheid van die plantegroei;
- * worteldigtheid (Morgan, 1986: 58).

Die hoogte van die kroonbedekking is belangrik. 'n Druppel wat sewe meter val, sal 90 % van sy terminale snelheid bereik. Reëndruppels wat op die kroon val, kan saamvloei en druppels vorm wat meer erosief is (Morgan, 1986: 59). Waarnemings t.o.v. onderskepping deur bome toon dat groewe gevorm kan word vanaf die stam a.g.v. afloop teen die stam. Spaterosie mag rondom die rand van die kroon voorkom as gevolg van groot druppels. As die hoogte van die boom of struik se kroon genoegsaam is, kan die druppel opnuut weer energie bekom. 'n Twee millimeter druppel het 'n terminale snelheid van sowat 6 m/s en

groot reëndruppel van 6mm in deursnee het 'n snelheid van sowat 9 m/s. Sowat 75% van hierdie snelheid word binne die eerste meter van sy val bereik. Indien die kroonbedekking te hoog is, sal dit dus oneffektief wees in die vermindering van reënvalenergie (Stocking, et al.1976: 8-11). Resultate van eksperimente bewys dat druppelaksie die hoeveelheid sediment wat verlore gaan, kan verhoog (Morgan,1986: 59).

Die plantbedekking absorbeer die energie van die water en wind en as gevolg van rofheid word die snelhede van die beweging van water en wind verlaag. 'n Goeie plantbedekking kan 'n belangrike rol speel in die vermindering van erosie, as dit oor 'n betekenisvolle oppervlakte voorkom. 'n Sewentig persent basale plantbedekking is genoegsaam om erosie te verminder (Morgan,1986: 60-61).

Plantegroei bind grond deur middel van plantwortels. Plantwortels verbeter waterinfiltrasie. Gevolglik is daar 'n vermindering van die erodeerbaarheid van die grond. Plantstamme verminder die snelheid van waterafloop en help in die voorkoming van kanalisering van water (Stocking,et al.1976: 12).

2.1.3 VERLIES VAN PLANTVOEDINGSTOWWE AS GEVOLG VAN EROSIE

Grondverlies gaan gewoonlik gepaard met 'n verlies aan waardevolle voedingstowwe. Die fyner gronddeeltjies word gewoonlik eerste verwyder. Hierdie fraksie besit gewoonlik ook die hoogste vrugbaarheid. Die ondergrond wat ontbloot word is gewoonlik minder vrugbaar (Brady,1974: 234). 'n Agteruitgang in grondvrugbaarheid gaan gepaard met

natuurlike loging van die grond, toename in suurheid, die vernietiging van die grondstruktuur en die immobilisering van plantvoedingstowwe. Grondvrugbaarheid is krities vir die plantbedekking, asook die plantbedekking vir die vrugbaarheid. Deur middel van die toediening van kunsmisstowwe kan die grondvrugbaarheid herstel word en gevolglik die plantbedekking wat op sy beurt weer erosie bekamp (Stocking, et al. 1976: 12-13).

2.1.4 SAMEVATTING

Dit is duidelik dat erosie plaasvind wanneer individuele gronddeeltjies losgemaak word, deur die stapaksie in die geval van wandelpaaie, en verder gevoer word deur 'n erosie-agens soos water. Erosie word beïnvloed deur faktore soos erosiwiteit van die eroderingsagens, erodeerbaarheid van die grond, helling en aard van die plantbedekking. Dit is veral slik en fynsand wat die minste weerstand bied teen erosie. Kompaksie lei tot verlaagde infiltrasie van water en verhoogde afloop en gevolglike erosie. Die mees effektiewe manier om kompaksie te verhoed, is 'n goeie plantbedekking. Erosie sal toeneem met 'n toename in helling en hanglengte, wat respektiewelik die resultaat is van die toename in die snelheid en volume van oppervlakafloop. 'n Goeie plantbedekking kan 'n belangrike rol speel in die vermindering in erosie, as dit oor 'n betekenisvolle oppervlakte voorkom. Grondverlies gaan gewoonlik gepaard met 'n verlies aan waardevolle voedingstowwe.

HOOFSTUK 3

3 ANALISE VAN WANDELPADDATA VAN DIE GOLDEN GATE

HOOGLAND NASIONALE PARK

3.1 INLEIDING

Ten einde 'n aanduiding te kry van die aard en mate van fisiese agteruitgang (erosie) van die wandelpad/gesteentetipe assosiasies en die moontlike redes vir die agteruitgang van wandelpaaie, word kwantitatiewe en kwalitatiewe analyses van die wandelpaaie, hang en wandelpad, erosie, grond en bestaande erosiebeheermetodes gedoen.

3.2 LIGGING VAN MEETPUNTE

Die ligging van 25 meetpunte (M1-M7, R9-21, NB1-14) word aangetoon in Figuur 1.1, bl. 88. Die meetpunte is verteenwoordigend t.o.v. verskillende gesteentetipes, voetpadhellings en hellings van die aangrensende hange wat gesamentlik deel uitmaak van verskillende gedegradeerde en nie- gedegradeerde wandelpadseksie/ fisiografiese eenheid assosiasies.

Onderskeid word gemaak tussen die volgende gesteentetipe/wandelpad assosiasies, naamlik:

* Basalt;

* Sandsteen;

- * Moddersteen;
- * Doleriet;
- * In situ verweerde sandsteen.

3.3 ONDESKIED TUSSEN DROë EN NAT MEETTYDPERKE

Onderskeid word tussen die twee tydperke gemaak gegrond op die spesifieke tydstip van die insameling van erosiedata, ten einde die invloed van hoofsaaklik die stappers en 'n kombinasie van stappers en reënval t.o.v. die erosie te bepaal. Die twee tydperke is die:

- * EERSTE TYDPERK (APRIL 1994 TOT SEPTEMBER 1994); en
- * TWEEDE TYDPERK (OKTOBER 1994 TOT APRIL 1995).

In totaal het die Golden Gate Hoogland Nasionale Park vir die tydperk vanaf April 1994 tot September 1994 92,4 mm reën ontvang en vanaf Oktober 1994 tot April 1995 345,4 mm (Figuur 3.1, bl. 92). Vir verdere vewysingsdoeleindes sal die eerste tydperk bekend staan as die relatiewe DROë TYDPERK en die tweede tydperk as die relatiewe NAT TYDPERK.

3.4 VOETPADHELLINGS EN HELLINGS OP DIE AANGRENSENDE HANGE VAN VERSKILLENDE WANDELPAD/GESTEENTETIPE ASSOSIASIES

Die onderskeie meetpunte se voetpad- en hellings op aangrensende hange is met behulp van die klinometer/staafmetode bepaal. Die voetpad- en hellings op die aangrensende hange verhouding word diagrammaties voorgestel in figure 3.2.1-24, bl. 93-105.

3.5 VOETSLAANDATA (AANTAL STAPPERS)

Ten einde 'n aanduiding te kry van die toeristedruk op die wandelpaaie, is outomatiese elektroniese tellers by die beginpunte van die wandelpaaie geïnstalleer, naamlik:

- * langs die hoofpad oorkant die Brandwaghotel; en
- * net na die bruggie by Glen Reenen op die pad na die

Brandwagrots (Figuur 1.1, bl. 88).

Voetslaandata vir die dagroetes word in Tabel 3.1, bl. 144 weergegee vir die tydperk vanaf Augustus 1994 tot April 1995. Uit die data is dit duidelik dat die wandelpaaie baie gewild is en dat daar 'n moontlike toeristedruk ondervind word. Die aantal stappers wissel van sowat 1095 (Augustus 1994) tot 14089 (gedurende Januarie 1995).

Wat die Ribbokvoetslaanpad betref, word net sowat 18 stappers op 'n keer toegelaat. Die lengte van die roete is ongeveer 30 kilometer en normaalweg duur dit sowat 2 dae om die roete te stap. Die aantal stappers wat elke maand vanaf April 1994 tot April 1995, gebruik maak van die voetslaanpad word aangetoon in Figuur 3.3, bl.106. Dit is duidelik dat die voetslaanpad aansienlik minder stappers akkommodeer op 'n keer in vergelyking met die dagroetes (Tabel 3.1, bl. 144). Die aantal stappers wissel van sowat 65 tot 160 per maand.(Data is verkry uit besprekingsregister by die Glen Reenen-kantoor).

3.6 GEMIDDELDE EROSIEWAARDES VIR VERSKILLENDE WANDELPADMEETPUNTE :DROë EN NAT TYDPERKE

Die gemiddelde erosiewaardes wat verkry is met behulp van die dwarsprofielmetode vir die onderskeie wandelpad/ gesteentetipes assosiasies word aangetoon in Tabel 3.2, bl. 145.

Ten einde die gemiddelde erosiewaardes te bepaal, is gebruik gemaak van 'n selfontwerpte dwarsprofielmetode (Figuur 3.4, bl. 107). By elke meetpunt is 2 staalpenne van ongeveer 50 cm lank aan weerskante van die wandelpad ingeslaan tot op 'n gelyke hoogte. Hierdie twee penne dien dan as vaste punte waarop 'n meetstok dwars oor die strekking van die pad geplaas word. Dieptemetings word dan vir elke 10 cm-interval geneem en aangeteken. Vir die doel van die studie is daar drie stelle metings geneem in onderskeidelik April en September 1994, en April 1995.

Uit hierdie verskillende stelle dieptemetings is daar vir die onderskeie wandelpad-meetpunte, dwarsprofiel (Figure 3.5.1 tot 3.5.45, bl. 108-128) en erosiedata (Tabel 3.2, bl.145) saamgestel. Die gemiddelde erosiewaardes vir onderskeidelik die Droë en Nat Tydperke is met behulp van die volgende formule bereken:

FORMULES:

- 1) Totaal van die verskil tussen die opeenvolgende meettyperke (Apr,Sept.1994 en Apr.1995) wat volgens die dwarsprofiel en die data 'n duidelike toename in die dieptemeting (cm) getoon het (VM).
- Gemiddelde Erosiewaarde(ES) =
$$\frac{\text{Aantal meetpunte wat 'n verandering in dieptemeting getoon het (AM)}}{\text{Aantal meetpunte}}$$

1.1 Droë Tydperk:

$$\text{Gemiddelde ES} = \frac{(\text{VM}) \text{ Sept94} - \text{Apr94}}{\text{AM}}$$

1.2 Nat Tydperk:

$$\text{Gemiddelde ES} = \frac{(\text{VM}) \text{ Apr95} - \text{Sept95}}{\text{AM}}$$

Verandering in die dwarsprofiel blyk duidelik uit die Figure 3.5.1 tot 3.5.45, bl. 108-128, soos wat afsetting, erosie en plantegroei veranderinge plaasvind.

Indien die erosiedata van die verskillende tydperke met mekaar vergelyk word, is dit duidelik dat 63.2 % van die 'n totaal van 19 meetpunte wel 'n toename in erosie toon vir

die nat tydperk in vergelyking met die droë tydperk. Ses meetpunte is beskadig en gevolglik kon geen akkurate data vir die bepaalde meetpunte vir die nat tydperk verkry word nie.

Vervolgens word die erosiedata wat verkry is verder ontleed.

3.6.1 Gemiddelde erosiewaarde-verspreiding

Die gemiddelde erosiewaardeverspreiding vir onderskeidelik die droë en nat tydperk blyk duidelik uit Tabel 3.2, bl. 145, waar die minimum en maksimum erosiewaardes vir die onderskeie gesteentetipes aangetoon word.

Dit is duidelik dat die gemiddelde erosiewaarde verspreiding (Droë Tydperk) vir Basalt die kleinste is en vir sandsteen en doleriet die grootste is. Die hoogste maksimumwaardes is 3.48cm vir sandsteen en 3.85cm vir doleriet. Die maksimum waarde vir basalt is 0.88cm.

3.6.2 Persentasie van dwarsprofiel wat erosie ondervind

Alle meetpunte se dwarsprofiel toon erosie soos aangetoon in Tabel 3.2, bl. 145. Die persentasie van die dwarsprofiel wat geaffekteer word deur erosie wissel egter.

Die 25 meetpunte kan as volg gegroepeer word op grond van die persentasie van die dwarsprofiel wat erosie ondervind:

TABEL: 3.6.2.1

DROë TYDPERK	
Meetpunt nr.	Persentasie van dwarsprofiel wat erosie ondervind
M1	Minder as 20%
R18,R19,R11,R14,M6,R15,NB3	20.1 tot 30%
R17,R21,M2,M3,NB14,NB1	30.1 tot 40%
R9,M4,M5,M7,NB13	40.1 tot 50%
R16,R20	50.1 tot 60%
R10,NB2	60.1 tot 70%
R12,R13	70.1 tot 80%

TABEL: 3.6.2.2

NAT TYDPERK	
Meetpunt nr.	Persentasie van dwarsprofiel wat erosie ondervind
NB14,NB13	Minder as 20%
R18,R19,M4,	20.1 tot 30%
R21,R12,M3,NB1,NB3	30.1 tot 40%
R11,R10,R15,	40.1 tot 50%
R16,R14,M6	50.1 tot 60%
R20,M7	60.1 tot 70%
M1	70.1 tot 80%

3.7 KORRELASIE TUSSEN GEMIDDELDE EROSIEWAARDES EN SEKERE TOPOGRAFIESE VERANDERLIKES

3.7.1 INLEIDING

Korrelasiekoëffisiënte is bepaal tussen die gemiddelde erosiewaardes en die volgende geïdentifiseerde topografiese veranderlikes:

- * Helling van die wandelpad (AO);
- * Helling van die aangrensende hang(BO);
- * AO/BO -verhouding;
- * % van die dwarsprofiel wat erosie ondervind.

Korrelasiekoëffisiënte is ook bepaal tussen persentasie van die dwarsprofiel wat erosie ondervind en die eersgenoemde drie veranderlikes.

Die onderskeie korrelasiekoëffisiënte vir die droë en die nat tydperk word aangetoon in Tabel 3.2, bl. 145.

3.7.2 Korrelasie tussen voetpadhelling en gemiddelde erosiewaarde

Volgens Tabel 3.2, bl.145 is dit duidelik dat positiewe korrelasies in alle gevalle vir die droë tydperk voorkom. Positiewe korrelasies kom voor in nat tydperk in die meerderheid van die gevalle, behalwe vir moddersteen met 'n negatiewe korrelasiekoëffisiënt ($r=-0.44$).

Dit is egter ook duidelik dat sekere gesteentetipe/wandelpadkombinasies beter korrelasies toon as ander. 'n Moontlike invloed is die aan- of afwesigheid van rotsfragmente, m.a.w. die samestelling van die puinmateriaal wat wissel tussen die verskillende lokaliteite.

Verdere gevolgtrekking in die verband, word gegee in Afdeling 3.8.

3.7.3 Korrelasie tussen helling van die aangrensende hang en gemiddelde erosiewaardes

Uit Tabel 3.2, bl. 145 is dit duidelik dat vir die droë tydperk beduidende positiewe korrelasiekoëffisiënte voorkom by basalt ($r= 0.62$) en by insitu verweerde sandsteen ($r= 0.898$). In die nat tydperk toon slegs basalt 'n beduidende korrelasie ($r= 0.79$).

Onbeduidende korrelasies (Tabel 3.2, bl. 145) kan toegeskryf word aan afwykings in die verhouding van die helling van die aangrensende hang met voetpadhelling wat nie noodwendig altyd sal korreleer nie.

Verdere gevolgtrekking in die verband, word gegee in Afdeling 3.8.

3.7.4 Korrelasie tussen helling van die wandelpad(AO)/helling van die aangrensende hang-verhouding en die gemiddelde erosiewaardes

Dit duidelik uit Tabel 3.2, bl.145 dat positiewe korrelasies voorkom vir die droë en nat tydperk, behalwe vir moddersteen in die nat tydperk. Doleriet/wandelpad assosiasie toon

'n beduidende positiewe korrelasie ($r= 0.978$) vir die droë tydperk. Vir die nat tydperk toon sandsteen, doleriet en in situ verweerde sandsteen beduidende positiewe korrelasies.

Dit is duidelik dat die AO/BO-verhouding 'n meer prominente rol speel t.o.v. erosie op die wandelpaaie gedurende die nat tydperk (Tabel 3.2, bl. 145).

Die gekombineerde invloed van die AO/BO-verhouding is skynbaar belangriker as helling van die aangrensende hang alleen, soos blyk uit die aantal positiewe korrelasies vir die droë en die nat tydperke (Tabel 3.2, bl.145).

3.7.5 Korrelasie tussen gemiddelde erosiewaardes en persentasie van die dwarsprofiel wat erosie ondervind

Uit Tabel 3.2, bl.145 is dit duidelik dat vir die droë tydperk, positiewe korrelasies in die geval van sandsteen, moddersteen en doleriet voorkom. Die mees beduidende korrelasies kom voor by laasgenoemde twee gesteentetipes. In die geval van die nat tydperk toon basalt, sandsteen, doleriet positiewe korrelasies. Die mees beduidende korrelasies is t.o.v. sandsteen en doleriet.

3.7.5.1 Korrelasie tussen wandelpadhellings en persentasie van die dwarsprofiel wat erosie ondervind

Positiewe korrelasies kom voor vir die droë en nat tydperk, behalwe vir sandsteen wat 'n beduidende negatiewe korrelasie in albei tydperke toon (Tabel 3.2, bl.145). Meer

beduidende korrelasies vir die nat tydperk kom voor in die geval van moddersteen ($r=0.79$) en doleriet ($r=0.87$). Sekere waardes is weer minder beduidend, soos in die geval van basalt ($r=0.43$) en in situ verweerde sandsteen ($r=0.09$).

3.7.5.2 Korrelasie tussen helling van die aangrensende hang en die persentasie van die dwarsprofiel wat erosie ondervind

Uit Tabel 3.2, bl.145 is dit duidelik dat positiewe korrelasies voorkom in die droë tydperk vir sandsteen en moddersteen, met die korrelasie vir sandsteen die mees beduidende. In die nat tydperk toon moddersteen, doleriet en in situ verweerde sandsteen positiewe korrelasies.

3.7.5.3 Korrelasie tussen AO/BO-verhouding en die persentasie van die dwarsprofiel wat erosie ondervind

Uit Tabel 3.2, bl.145 is dit duidelik dat positiewe korrelasies voorkom in die droë en nat tydperk, behalwe vir sandsteen in die droë tydperk en in situ verweerde sandsteen in die nat tydperk. Beduidende positiewe korrelasies in die droë tydperk kom voor vir basalt, doleriet en in situ verweerde sandsteen. Beduidende positiewe korrelasies in die nat tydperk kom voor vir moddersteen en doleriet.

3.8 Gevolgtrekking t.o.v. korrelasies vir die onderskeie wandelpad/gesteentetipe assosiasies

3.8.1 Basalt

Soos wat voetpadhelling, topografiese helling, AO/BO-verhouding toeneem, is daar 'n toename in erosie vir beide die droë en nat tydperke (Tabel 3.2, bl. 145). Met 'n toename in die wandelpadhelling, AO/BO-verhouding is daar 'n toename in die persentasie van die dwarsprofiel wat erosie ondervind vir beide die droë en nat tydperke (Tabel 3.2, bl. 145).

3.8.2 Sandsteen

Die wandelpadhelling, helling van die aangrensende hang (afname in die nat tydperk) en AO/BO-verhouding toon 'n toename met 'n toename in erosie vir beide die droë en nat tydperke (Tabel 3.2, bl. 145). Die toename in die persentasie van die dwarsprofiel wat erosie ondervind, gaan gepaard met 'n toename in erosie vir beide die droë en nat tydperke. Dit is veral meer beduidend in die nat tydperk (Tabel 3.2, bl. 145).

Toename in die helling van die aangrensende hang in die droë tydperk gaan gepaard met 'n toename in die persentasie van die dwarsprofiel wat erosie ondervind (Tabel 3.2, bl. 145).

Met 'n afname in die wandelpadhelling en AO/BO-verhouding in die droë tydperk is daar 'n toename in die persentasie van die dwarsprofiel wat erosie ondervind. 'n Afname in die

wandelpadhelling en 'n toename in die AO/BO-verhouding in die nat tydperk gaan gepaard met 'n toename in die persentasie van die dwarsprofiel wat erosie toon (Tabel 3.2, bl. 145).

3.8.3 Moddersteen

Met die voetpadhelling en AO/BO-verhouding toename, is daar 'n toename in erosie in die droë tydperk (Tabel 3.2, bl. 145). Met 'n toename in die persentasie van die dwarsprofiel wat erosie toon in die droë tydperk is daar 'n toename in erosie en omgekeerd in die nat seisoen (Tabel 3.2, bl. 145).

Die wandelpadhelling, helling van die aangrensende hang en AO/BO-verhouding neem toe met 'n toename in die persentasie van die dwarsprofiel wat erosie toon vir beide die droë en nat seisoen. Die korrelasiekoëffisiënte is meer beduidend in die nat tydperk (Tabel 3.2, bl. 145).

3.8.4 Doleriet

Soos wat wandelpadhelling, AO/BO-verhouding toeneem is daar 'n toename in erosie vir beide die droë en nat tydperk. 'n Toename in die helling van die aangrensende hang in die nat tydperk gaan gepaard met 'n toename in erosie (Tabel 3.2, bl. 145). Soos wat die persentasie van die dwarsprofiel wat erosie toon toeneem, is daar 'n toename in erosie vir beide die droë en nat tydperke (Tabel 3.2, bl. 145).

'n Toename in die wandelpadhelling en AO/BO-verhouding gaan gepaard met 'n toename in die persentasie van die dwarsprofiel wat erosie ondervind vir beide die droë en nat tydperke. Soos wat die helling van die aangrensende hang toeneem in die nat tydperk is daar 'n toename in die persentasie van die dwarsprofiel wat erosie ondervind en omgekeerd in die geval van die droë tydperk (Tabel 3.2, bl. 145).

3.8.5 In situ verweerde sandsteen

Die wandelpadhelling, helling van die aangrensende hang en AO/BO-verhouding toename gaan gepaard met 'n toename in erosiewaardes vir beide die droë en nat tydperke (Tabel 3.2, bl.145).

'n Toename in die wandelpadhelling en AO/BO-verhouding in die droë tydperk gaan gepaard met 'n toename in die persentasie van die dwarsprofiel wat erosie ondervind. Soos wat die wandelpadhelling en topografiese helling toeneem in die nat tydperk is daar 'n toename in die persentasie van die dwarsprofiel wat erosie toon (Tabel 3.2, bl.145).

3.9 IDEALE MEETPUNTE UIT DIE ONDERSKEIE GEKOSE WANDELPAD/ GESTEENTETIPE ASSOSIASIES SE MEETPUNTE

Met inagneming van die gemiddelde erosiewaarde en persentasie van die dwarsprofiel wat erosie toon, is die volgende ideale meetpunte vir die onderskeie wandelpad/gesteentetipe assosiasies vir beide die droë en nat tydperke geïdentifiseer, wat aangetoon word in Tabel 3.2, bl. 145.

Die mees ideale meetpunte vir die onderskeie gesteentetipes met inagneming van herhaaldelike voorkomste in beide die droë en die nat tydperk, laagste gemiddelde erosie, asook die voetpadhelling is die volgende:

TABEL: 3.9.1

GESTEENTETIPE	VOETPADHELLING	EROSIEWAARDE	MEETPUNTE
BASALT	0.25 tot 1graad	0.32 tot 0.7 cm	R19,R20
SANDSTEEN	8 grade	0.7 tot 0.97 cm	R14
MODDERSTEEN	1.75 grade	0.37 tot 0.9 cm	M6
DOLERIET	0.25 grade	0.5 tot 1.25 cm	NB14
IN SITU VERWEERDE SANDSTEEN	2 grade	0.56 tot 1.37 cm	NB3

3.10 ANALISE VAN GRONDDATA

3.10.1 Invloed van erosie op die teenwoordigheid van plantvoedingstowwe in die wandelpad

Ten einde 'n aanduiding te kry van die moontlike invloed van erosie op die teenwoordigheid van plantvoedingstowwe (katione) is grondmonsters geneem van die boonste 10 cm van die bogrond van die voetpad en die natuurlike veld vir elk van die wandelpadmeetpunte. Die hoeveelheid katione is met behulp van 'n outo-analiseerder bepaal.

Vervolgens is die basisversadiging met behulp van die volgende formule bepaal :

$$\text{Basisversadiging} = \frac{\text{S-waarde}}{\text{KUK}} \times 100$$

KUK

Waar: S-waarde: totale aantal katione

KUK: Kationuitruilkapasiteit

(BRON: Du Toit, 1982:44)

Soos blyk uit Tabel 3.3, bl. 147 toon 60 % (15) van die meetpunte 'n afname in die persentasie basisversadiging in die wandelpad in vergelyking met die natuurlike veld wat dus meer plantvoedingstowwe (katione) besit. Van die res vind daar 'n akkumulering van voedingstowwe plaas. Die verwydering en akkumulering van voedingstowwe in die voetpad in vergelyking met die natuurlike veld is 'n aanduiding dat erosie, en die gevolglike degradasie van die toestand van die wandelpad, besig is om plaas te vind.

3.10.2 Tekstuuranalise

'n Sifanalise is gebruik om onderskeidelik die persentasie grofsand, mediumsand, fynsand (plus slik en klei) in die voetpad en natuurlike veld vir die onderskeie meetpunte te bepaal.

Soos blyk uit Figure 3.6.1-25, bl. 129-139 toon 96% van die meetpunte vir die onderskeie wandelpad/gesteentetipe assosiasies dat die fynsandfraksie die meeste verskil

tussen die wandelpad en die natuurlike veld (Beide verwydering (V) en akkumulering (A) van sediment). Die verskil dui daarop dat erosie voorkom en dat die fynsandfraksie meer geredelik verwyder word deur die erosie-agense.

3.10.3 Grondkompaksie

Penetrometermetings is in die voetpad en die natuurlike onversteurde veld geneem vir elk van die meetpunte, ten einde die mate van kompaksie in beide gevalle te bepaal.

Soos blyk uit grondkompaksiedata (Tabelle 3.4.1 tot 3.4.5, bl. 148-153) vir onderskeidelik die wandelpad en die natuurlike veld, is dit duidelik dat waarneembare kompaktering van die grondoppervlakte by al die 25 meetpunte voorkom. Dit kan direk toegeskryf word aan die impak van die stappers se stapaksie.

Kompaksie van die grondoppervlakte gee aanleiding tot verlaagde infiltrasie van water. Weens die kompaksie-aksie word die plantbedekking ook in die proses vernietig. Weens verlaagde infiltrasiekapasiteit van die grondoppervlakte in die wandelpad word die afloop verlaag, omdat water in die wandelpad, wat as 'n kunsmatige afvoerkanaal dien, in die wandelpad afvloei en erosie veroorsaak. Weens die verlaagde infiltrasiekapasiteit van die wandelpadoppervlakte is daar ook minder water beskikbaar vir plantwortels in die ondergrond en gevolglik sterf die plantbedekking af.

3.11 KWALITATIEWE ANALISE VAN DIE WANDELPAAIE

3.11.1 Die invloed van fisiese beperkings van wandelpaaie

Wanneer 'n wandelpad te diep uitgetrap word (meetpunt: NB2), of wanneer die kante wegkalwe, is die pad nie meer gemaklik vir 'n persoon om op te stap nie. Die gevolg is dat 'n naasliggende voetpad uitgetrap word soos blyk uit Figuur 3.7, bl. 40. Dit is ook duidelik dat die nuwe pad uitgetrap word aan die hangafwaartse kant van die oorspronklike pad. Daar is dus 'n voorkeur by die stappers om op die minder steil gedeeltes te stap, aangesien die steiler hellings as 'n fisiese hindernis ervaar word.



FISIESE BEPERKINGS VAN WANDELPAAIE:MEETPUNT:NB2

FIGUUR 3.7

Wanneer die oppervlak van die wandelpad (meetpunt: M2) te ru raak word 'n alternatiewe pad langsaan uitgetrap soos blyk uit Figuur 3.8, bl. 41. Sodra 'n hindernis in 'n wandelpad voorkom, word die bestaande wandelpad al wyer uitgetrap. Die gevolg hiervan is dat 'n groter oppervlakte versteur en gekompakteer word. Dit verhoog die erosiepotensiaal van die betrokke gedeelte van die wandelpad.



FISIESE BEPERKINGS VAN WANDELPAAD: MEETPUNT: M2

FIGUUR 3.8

3.11.2 Visuele waarnemings van die fisiese agteruitgang van 'n wandelpad

Die aard van die fisiese agteruitgang blyk uit die volgende opeenvolgende reeks foto's (Figure 3.9.1-3, bl. 42-43) wat gedurende April 1994, September 1994 en April 1995 by meetpunt R14 geneem is. Die plantbedekking in die middel van die pad het met verloop van tyd verdwyn. Dit kan toegeskryf word aan die fisiese impak van die stappers se stapaksie.



**FISIESE AGTERUITGANG VAN 'N WANDELPAD
MEETPUNT R14 (APRIL 1994)**

FIGUUR 3.9.1



R14 (SEPTEMBER 1994)

FIGUUR 3.9.2



R14 (APRIL 1995)

FIGUUR 3.9.3

3.11.3 Huidige metodes om erosie te bekamp en 'n meer permanente

loopoppervlakte te verseker

3.11.3.1 Erosiesparre

Tans word gebruik gemaak van erosiesparre van hout wat dwarsoor die voetpad geïnstalleer word (Figuur 3.10, bl. 44).



EROSIESPARRE

FIGUUR 3.10

Soos in Figuur 3.11, bl. 45 gesien kan word, word die erosiespar ondergrawe. Hierdie ondergrawing kan moontlik toegeskryf word aan die trapaksie van die stapper se voet as

daar met die helling op beweeg word. Water wat in die voetpad arvioei, en oor die erosiespar in die vorm van 'n mikro-waterval stort, veroorsaak 'n plonsoel en gevolglik word die onderliggende grondmateriaal stelselmatig uitgekalwe.



ONDERGRAWING VAN 'N EROSIESPAR

FIGUUR 3.11

3.11.3.2 Erosiesparre op gelyk gedeeltes van die wandelpad

Figuur 3.12, bl. 46 toon hoedat smal erosiesparre ook op gelyk gedeeltes van die voetpad geïnstalleer word om die spoed van afloopwater te breek. Met die afkeer van die water in die veld in, ontstaan klein groewe soos blyk uit Figuur 3.12 .Dit is ook duidelik dat in die proses sediment en grasoorblyfsels opgevang word.



EROSIESPARRE OP GELYK GEDEELTES VAN DIE WANDELPAD

FIGUUR 3.12

3.11.3.3 Die voorsiening van 'n permanente gesementeerde wandelpadoppervlakte

Die wandelpadseksie wat in Figuur 3.13, bl. 47 getoon word en met 'n sementoppervlakte bedek is het geen tekens van erosie getoon nie. Die koste verbonde aan hierdie metode is egter baie hoog. Die metode is ook nie probleemvry nie, want soos in die volgende figuur (Figuur 3.14, bl. 48) getoon , kan daar ook erosie plaasvind langs die sementpaadjie.



PERMANENTE GESEMENTEERDE OPPERVLAKTE

FIGUUR 3.13

Die kante van die gedeelte van die wandelpad word by die binneaan van die pad uitgetrap. Dit ondergrawe die pad en die sementoppervlak begin kraak en opbreek.



**SENSITIEWE KANTE VAN DIE GESEMENTEERDE
OPPERVLAKTE**

FIGUUR 3.14

3.11.4 'n Moontlike alternatiewe metode om erosie/ die verlore degradasie

wandelpaaie in die Golden Gate Hoogland Nasionale Park te bekamp

3.11.4.1. Reno-matrasse

'n Reno-matras is 'n permanente aaneengeskakelde, buigbare segmentvoering van sement met ruimtes, wat gebruik word om kanale te beskerm teen erosie van water wat in die kanaal mag afvloei.

Hierdie kan moontlik 'n oplossing bied vir die fisiese degradasie van wandelpaaie, omdat die padoppervlak as 'n geheel gestabiliseer en geïsoleer word. Die ruimtes in die blokke kan sediment laat akkumuleer en ook die groei van gras bevorder. Uit die figuur 3.15, bl. 49 kan gesien word dat 'n gedeelte van 'n kanaal, wat met reno-matrasse uitgevoer is, geen tekens van erosie toon nie.



RENO-MATRAS

FIGUUR 3.15

3.12 SAMEVATTING

In hierdie studie is daar tot dusver daarin geslaag om 'n duidelike aanduiding te verkry van die aard en mate van die fisiese agteruitgang van die wandelpad/gesteentetipe assosiasies. Kwantitatiewe en kwalitatiewe analises van die wandelpaaie, hang en wandelpad, erosie, grond en bestaande erosiebeheermetodes is gedoen.

Die mees ideale meetpunte vir die onderskeie wandelpad/gesteentetipe assosiasies met inagneming van die herhaaldelike voorkomste in beide die droë en nat tydperk, laagste gemiddelde erosie, asook voetpadhelling, is geïdentifiseer.

Erosie het 'n duidelike invloed op die teenwoordigheid van plantvoedingstowwe in die wandelpad. Dit is ook duidelik dat die fynsandfraksie meer gereedelik verwyder word deur die erosie-agense. Kompaktering van die grondoppervlakte in die wandelpad, kom voor by al 25 meetpunte, wat direk toegeskryf kan word aan die impak van die stappers se stapaksie.

In die kwalitatiewe analise word duidelik aangetoon dat sekere fisiese beperkings kan lei tot verhoogde erosiepotensiaal van die wandelpad. Uit visuele waarnemings is dit duidelik dat fisiese agteruitgang van die wandelpad voorkom, wat direk toegeskryf kan word aan die invloed van die stapper se stapaksie.

Huidige metodes om erosie te bekamp en 'n meer permanente loopoppervlakte te verseker, slaag gedeeltelik daarin, aangesien daar bepaalde gebreke blyk te wees. 'n Moontlike alternatiewe metode om erosie/ die verdere degradasie van die wandelpaaie in die Golden Gate Hoogland Nasionale Park te verhoed, word nou voorgestel.

HOOFSTUK 4

4 OMGEWINGSBESTUURSTELSEL VIR WANDELPAAIE IN DIE GOLDEN GATE HOOGLAND NASIONALE PARK

4.1 ALGEMEEN

Die resultate wat met hierdie studie bereik is, toon dat die wandelpaaie in die Golden Gate Hoogland Nasionale Park fisiese agteruitgang ondergaan. Die erosie kan toegeskryf word aan die effek van die stapaksie van die stappers wat die wandelpaaie gebruik. Dit blyk ook dat sekere gesteentetipe/wandelpad assosiasies meer erosie toon as ander (Tabel 3.2, bl. 145).


Ten einde die verdere agteruitgang van die wandelpaaie en moontlike negatiewe omgewingsinvloede op die omliggende omgewing te verhoed, kan 'n omgewingsbestuurstelsel vir die wandelpaaie ontwerp word aan die hand van die riglyndokument, getiteld ISO 14001: Environmental management systems-Specification with guidance for use, (Bylaag C, bl. 154).

Figuur 4.1, bl. 53 toon 'n diagrammatiese voorstelling van 'n omgewingsbestuurstelsel wat gebruik kan word vir die wandelpaaie in die Golden Gate Hoogland Nasionale Park. Dit toon die relevante elemente (volgens die ISO 14001) waaruit so 'n

omgewingsbestuurstelsel bestaan, en wat, soos gebaseer uit die gevolgtrekkings en aanbevelings van die empiriese studie, aangespreek moet word.

'N OMGEWINGSBESTUURSTELSEL VIR WANDELPAAIE IN DIE GOLDEN GATE HOOGLAND NASIONALE PARK

FIGUUR: 4.1



**4.2. BESLUITNEMINGSMATRIKS T.O.V. OMGEWINGSINVLOEDE SE
BEDUIDENHEID IN VERSKILLENDE WANDELPAD/GESTEENTETIPE
ASSOSIASIES**

‘n Evaluering van die omgewingsinvloede wat betrekking het op die gebied en aangetoon word in Hoofstuk 3, word saamgevat in die besluitnemingsmatriks (Tabel 4.2.1-6, bl. 54-59). Die matrys word gebruik om die beduidenheid van die omgewingsinvloede te toon.

TABEL: 4.2.1 EROSIE AS OMGEWINGSINVLOED

EROSIE AS OMGEWINGSINVLOED SE BEDUIDENHEID T.O.V. VERSKILLENDE WANDELPAD/GESTEENTETIPE ASSOSIASIES MET INAGNEMING VAN DIE WANDELPADHELLING VIR ONDERSKEIDELIK DIE DROë EN NAT TYDPERKE

GESTEENTETIPE	BASALT	SANDSTEEN	MODDER-STEEN	DOLERIET	IN SITU VERWEERDE SANDSTEEN
DROë TYDPERK	H	H	H	H	H
NAT TYDPERK	H	H	L	H	H

LEGENDE:

BEDUIDENHEID: H - HOOG (Soos afgelei uit positiewe korrelasie)
L - LAAG (Soos afgelei uit negatiewe korrelasie)
(Geld vir 1.1 & 1.2)

Uit Tabel 4.2.1, bl. 54 kan afgelei word dat erosie 'n beduidende rol speel t.o.v. verskillende wandelpad/gesteentetipe assosiasies. Dit is veral belangrik om die verskille tussen wisselende droë en nat tydperke in ag te neem. Die enkele uitsondering wat reeds in Afdeling 3.7.2 bespreek is, moet ook in ag geneem word.

Vir verdere toeligting en verduideliking, kyk na Afdeling 3.6 tot 3.8 en Tabel 3.2, bl. 145.

TABEL: 4.2.2 TOENAME IN DIE PERSENTASIE VAN DIE DWARSPROFIEL WAT EROSIE ONDERVIND

TOENAME IN DIE PERSENTASIE VAN DIE DWARSPROFIEL WAT EROSIE ONDERVIND, AS OMGEWINGSINVLOED, SE BEDUIDENHEID T.O.V. VERSKILLENDE WANDELPAD/GESTEENTETIPE ASSOSIASIES MET INAGNEMING VAN DIE WANDELPADHELLING VIR ONDERSKEIDELIK DIE DROË EN NAT TYDPERKE					
GESTEENTETIPE	BASALT	SANDSTEEN	MODDER-STEEN	DOLERIET	IN SITU VERWEERDE SANDSTEEN
DROË TYDPERK	L	H	H	H	L
NAT TYDPERK	H	H	L	H	L

<p>LEGENDE: BEDUIDENHEID: H - HOOG (Soos afgelei uit positiewe korrelasie) L - LAAG (Soos afgelei uit negatiewe korrelasie) (Geld vir 1.1 & 1.2)</p>

Uit Tabel 4.2.2, bl. 55 is dit duidelik dat 'n toename in die persentasie van die dwarsprofiel wat erosie ondervind, as omgewingsinvloed, hoogs beduidend is t.o.v. sandsteen, moddersteen en doleriet in die droë tydperk, asook t.o.v. basalt, sandsteen en

doleriet in die nat tydperk. In situ verweerde sandsteen is laag beduidend, wat moontlik toegeskryf kan word aan 'n toename in diepte, eerder as in die wydte van die wandelpad.

'n Toename in erosie in die droë of die nat tydperk, dui daarop dat in die geval van die meerderheid van die wandelpad/gesteentetipe assosiasies die omgewingsinvloed aangespreek moet word.

Vir verdere toeligting en verduideliking, kyk na Afdeling 3.6 tot 3.8 en Tabel 3.2, bl. 145.

Die mees ideale meetpunte vir die onderskeie wandelpad/gesteentetipe assosiasies word geïdentifiseer in Tabel 3.9.1, bl. 37.

TABEL: 4.2.3 VERLIES AAN PLANTVOEDINGSTOWWE

VERLIES AAN PLANTVOEDINGSTOWWE IN DIE WANDELPAD IN VERGELYKING MET DIE NATUURLIKE VELD, AS OMGEWINGSINVLOED, SE BEDUIDENHEID T.O.V. VERSKILLENDE WANDELPAD/GESTEENTETIPE ASSOSIASIES.

GESTEENTETIPE	BASALT	SANDSTEEN	MODDER-STEEN	DOLERIET	IN SITU VERWEERDE SANDSTEEN
	H	H	H	L	H

Soos blyk uit Tabel 4.2.3, bl. 56 is die verlies aan plantvoedingstowwe in die wandelpad in vergelyking met die natuurlike veld, as omgewingsinvloed, hoogs beduidend is vir die meerderheid van die wandelpad/gesteentetipe assosiasies, aangesien die meerderheid van die meetpunte 'n afname in die persentasie basisversadiging toon. In die geval van doleriet is die beduidenheid laag.

Die verwydering en akkumulering van voedingstowwe in die wandelpad in vergelyking met die natuurlike veld is 'n aanduiding dat erosie, en die gevolglike degradasie van die toestand van die wandelpad, besig is om plaas te vind.

Vir verdere toeligting en verduideliking, kyk na Afdeling 3.9.1, bl. 37 en Tabel 3.3, bl. 147.

TABEL: 4.2.4 VERANDERING IN TEKSTUURSAMESTELLING VAN DIE GROND IN DIE WANDELPAD

VERANDERING IN DIE TEKSTUURSAMESTELLING VAN DIE GROND IN DIE WANDELPAD IN VERGELYKING MET DIE NATUURLIKE VELD, AS OMGEWINGSINVLOED, SE BEDUIDENHEID T.O.V. VERSKILLENDE WANDELPAD/GESTEENTETIPE ASSOSIASIES.					
GESTEENTETIPE	BASALT	SANDSTEEN	MODDER-STEEN	DOLERIET	IN SITU VERWEERDE SANDSTEEN
	H	H	H	H	H

Soos blyk uit Tabel 4.2.4, bl. 57 is die verandering in die tekstuursamestelling van die grond in die wandelpad in vergelyking met die natuurlike veld, as omgewingsinvloed, hoogs beduidend is t.o.v. al die verskillende wandelpad/gesteentetipe assosiasies, soos gebaseer op die feit dat die meeste verskil in die fynsandfraksie tussen die wandelpad en die natuurlike veld in 96% van die meetpunte voorkom. Die verskil dui daarop dat erosie voorkom en dat die fynsandfraksie meer geredelik verwyder word deur die erosie-agense.

Vir verdere toeligting en verduideliking, kyk na Afdeling 3.9.2 en Figure 3.6.1 tot 25, bl. 129-139 en gevolgtrekking in die verband.

TABEL: 4.2.5 GRONDKOMPAKSIE A.G.V. DIE STAPAKSIE OP DIE WANDELPAD

GRONDKOMPAKSIE A.G.V DIE STAPAKSIE OP DIE WANDELPAD IN VEGELYKING MET DIE NATUURLIKE VELD, AS OMGEWINGSINVLOED, SE BEDUIDENHEID T.O.V. VERSKILLENDE WANDELPAD/GESTEENTETIPE ASSOSIASIES.					
GESTEENTETIPE	BASALT	SANDSTEEN	MODDER-STEEN	DOLERIET	IN SITU VERWEERDE SANDSTEEN
	H	H	H	H	H

Uit Tabel 4.2.5, bl. 58 blyk dit dat grondkompaksie a.g.v. die stapaksie op die wandelpad in vergelyking met die natuurlike veld, as omgewingsinvloed, hoogs beduidend is t.o.v. al die verskillende wandelpad/gesteentetipe assosiasies is, gebaseer op die feit dat grondkompaksiedata (Tabelle 3.4.1 tot 3.4.5, bl. 148-153) vir onderskeidelik die wandelpad en die natuurlike veld, toon dat waarneembare kompaktering van die grondoppervlakte by al 25 meetpunte voorkom. Dit kan direk toegeskryf word aan die impak van die stappers se stapaksie. Kompaksie van die grondoppervlakte gee aanleiding tot verlaagde infiltrasie van water, verhoogde afloop en gevolglike erosie.

Vir verdere inligting kyk na Afdeling 3.9.3 en Tabelle 3.4.1 tot 3.4.5, bl. 148-153.

TABEL: 4.2.6 ANDER OMGEWINGSINVLOEDE SOOS GEÏDENTIFISEER TYDENS DIE KWALITATIEWE ANALISE VAN WANDEL- PAAIE (AFDELING 3.10)

Die volgende algemene omgewingsinvloede is geïdentifiseer tydens die kwalitatiewe analise en word as sodanig as hoogsbeduidende invloede vir alle gesteentetipe assosiasies beskou, wat spesifiek met bepaalde aksieplanne aangespreek moet word.

AKTIWITEIT	ASPEK	INVLOED
Stapaksie	Fisiese beperkings: 1) Diepte 2) Oppervlakteruheid 3) Grasblare wat oorhang (Vir verdere toeligting, kyk na afdeling 4.10.1-2)	1) Uittrap van naasliggende wandelpad. 2) Wye uittrap van wandelpad. 3) Uittrap van een kant van wandelpad.
Stapaksie	Vertrapping van plantegroei deur die stapper. (Vir verdere inligting, kyk na afdeling 4.10.2)	Verwydering van plantbedekking en gevolglike erosie.
Huidige metodes om erosie te bekamp.	1) Installering van erosiesparre dwarsoor wandelpad. 2) Smal erosiesparre op gelyk gedeeltes en afkeer van water in veld. (Vir verdere toeligting, kyk na afdeling 4.10.3)	1) Ondergraving a.g.v. stapaksie en water wat afvloei in die pad. 2) Klein groewe ontwikkel langs wandelpad.
Stapaksie	Drakapasiteit van wandelpaaie. (Vir verdere toeligting, kyk na afdeling 4.4)	Gedurende die droë tydperk toon 63.2 % van die meetpunte, 'n toename in erosie.

4.3 WETLIKE VEREISTES WAT VAN TOEPASSING IS OP WANDELPAAIE

Die Wet op Nasionale Parke, 1976 (Wet 57 van 1976) is van toepassing op die Golden Gate Hoogland Nasionale Park. Volgens artikel 12 (1) is die Parkeraad spesifiek gemoeid met die beheer en bestuur van parke en moet die parke in stand gehou word deur gebruik te maak van die inkomste van die parke. Daarom moet daar ook begroot word vir die instandhouding van wandelpaaie.

Volgens die Boswet, 1968 (Wet 72 van 1968) word daar spesifiek voorsiening gemaak vir 'n Nasionale Voetslaanpadstelsel in artikels 28 tot 46. Daar word spesifiek voorsiening gemaak vir hulpbronne vir die ontwikkeling, bestuur en onderhoud van wandelpaaie in die Nasionale Voetslaanpadstelsel. Dit sou dus vir die Parkeraad finansieel voordelig wees om ook te kon inskakel by die Nasionale Voetslaanpadstelsel.

Ander wetgewing wat moontlik van toepassing is die Wet op die Bewaring van Landbouhulpbronne, 1983 (Wet 43 van 1983). Aangesien dat erosie wel as omgewingsinvloed geassosieer met die wandelpaaie in die Golden Gate Hoogland Nasionale Park, kan die wetgewing moontlik van toepassing wees, gelees in die bepaling dat erosie bestry en voorkom moet word. Ook moet geërodeerde grond herstel of herwin word deur die oprigting en instandhouding van grondbewaringswerke op die grond.

Die Wet op Bergopvanggebiede, 1970 (Wet 63 van 1970) is spesifiek gemoeid met die bewaring, aanwending, bestuur en beheer van grond geleë in bergopvanggebiede. Aangesien die Golden Gate Hoogland Nasionale Park wel in 'n bergopvanggebied van die Klein-Caledonrivier voorkom, is die wetgewing heel moontlik van toepassing, alhoewel nie duidelik hieroor verkry kon word nie. Die wetgewing maak dan ook spesifiek voorsiening vir die voorkoming van erosie in bergopvanggebiede en daarom moontlik kan ingelees word die voorkoming van erosie op wandelpaaie in die Golden Gate Hoogland Nasionale Park.

4.4 OMGEWINGSBESTUURSPROGRAM VIR WANDELPAAIE IN DIE GOLDEN GATE HOOGLAND NASIONALE PARK

4.4.1 OMGEWINGSBELEID T.O.V. WANDELPAAIE

Die bestuur van die Golden Gate Hoogland Nasionale Park moet verbind wees tot die bestuur van wandelpaaie aan die hand van 'n omgewingsbestuurstelsel, ten einde die verdere agteruitgang van die wandelpaaie, as gevolg van toenemende toeristedruk, en moontlike ander negatiewe omgewingsinvloede op die omliggende omgewing te verminder.

Die daarstelling van wandel- en voetslaanpaaie moet tot voordeel en genot van die besoekers wees, maar terselfdertyd moet die park in sy natuurlike staat, behoue bly. Die belans tussen die belange van rekreasie en bewaring moet verseker word. (Die beleid moet aansluitend tot bestaande beleide, gebruik word).

4.4.2 DOELWITTE

Doelwitte word daargestel vir die omgewingsbestuur van wandelpaaie in die Golden Gate Hoogland Nasionale Park, gebaseer op die bevindings en aanbevelings van Hoofstuk 3 (Empiriese studie).

Die breë doelwitte wat as toepaslik geïdentifiseer is, is soos volg:

- 4.4.2.1 Die minimalisering van die fisiese agteruitgang as gevolg van erosie van die wandelpaaie in die Golden Gate Hoogland Nasionale Park .**
- 4.4.2.2 Die rehabilitering van bestaande vervalde gedeeltes.**
- 4.4.2.3 Die versekering dat die toekomstige gebruik vir rekreasie in balans met omgewingsbewaring sal wees.**

Ten einde die breë doelwitte te kan bereik moet die sekere subdoelwitte, mikpunte gedefinieer word en aksieplanne daargestel word om dit te implimenteer. In die volgende aantal paragrawe sal die breë doelwitte afsonderlik behandel word.

4.4.2.1 Die minimalisering van die fisiese agteruitgang as gevolg van erosie van die wandelpaaie in die Golden Gate Hoogland Nasionale Park.

Ten einde die omgewingsbestuursdoelwit te bereik word die volgende aanbevelings ten opsigte van die verskillende aspekte van die wandelpaaie voorgestel:

4.4.2.1.1 Drakapasiteit van die wandelpaaie

Doelwit:

Beperkings moet ingestel word op die aantal stappers wat gebruik maak van die dagroetes.

Mikpunt:

Die Ribbokvoetslaanpad het 'n bestaande kwota van sowat 18 persone per dag. Dit is binne die aanbevole drakapasiteitriglyn van Levy (1982: 6) van sowat 20 persone per kilometer vir dagroetes en 2 persone per kilometer vir voetslaanroetes, wat ook aanbeveel word vir die Golden Gate Hoogland Nasionale Park.

Aksie om mikpunt te bereik:

Van die 25 meetpunte het 63,2 % 'n toename in erosie gedurende die tydperk getoon het. Sowat 36 % van die meetpunte is op die dagroetes geleë. Daar moet veral in die droë tydperk beperkings geplaas word op die aantal stappers op die dagroetes.

4.4.2.1.2 Wandelpad/gesteentetipe assosiasies en topografiese veranderlikes

4.4.2.1.2.1 Wandelpadhelling

Doelwit t.o.v toekomstige wandelpaaie:

Toekomstige wandelpaaie/seksies moet verkieslik so beplan word dat die wandelpaaie nie steiler as die geïdentifiseerde ideale wandelpadhelling (Tabel 3.2, bl. 145 en Afdeling 3.9) sal wees nie. Dit kan 'n minimum hoeveelheid erosie en 'n meer stabiele toestand (wat minder onderhoud verg) verseker. Steil wandelpadhellings moet sover prakties moontlik vermy word in die beplanning en uiteindelijke fisiese uitleg van nuwe wandelpaaie.

Doelwit t.o.v. bestaande wandelpaaie:

Op reeds bestaande wandelpaaie waar die gemiddelde erosiewaardes hoog is (groter as die ideale waardes) en die fisiese agteruitgang vinnig blyk te wees, weens die steilte van die wandelpadhelling word aanbeveel dat sulke seksies gesluit word en 'n alternatiewe roete, wat aan die vereistes wat vir 'n ideale wandelpad gestel word, voldoen.

Doelwit (Alternatief):

Indien daar geen ander alternatief bestaan nie moet maatreëls getref word om verdere erosie te voorkom.

Mikpunt:

Die mees ideale wandelpadhelling waarby die laagste gemiddelde erosie voorkom vir elke wandelpad/gesteentetipe assosiasies word aangetoon in Tabel 3.2, bl. 145 en Afdeling 3.9.

Aksies om alternatief te bereik:

Dit kan een of meer van die volgende maatreëls insluit:

- * die aanbring van addisionele erosiesparre ;
- * die aanbring van trappe en handrelings (Figuur 4.2, bl. 140);
- * die aanbring van 'n permanente oppervlak (Figuur 4.3, bl. 141) soos beskryf in Afdeling 4.4.5.2.2.

4.4.2.1.2.2 Hangklasse/gesteentetipe assosiasies**Doelwit t.o.v. toekomstige wandelpaaie:**

Steil hange moet vermy word. Wandelpaaie moet nie direk hang op- of afwaarts teen hange uitgelê word nie.

Mikpunt:

Ideale wandelpadhellings (Afdeling 3.9).

Aksie:

Kontoerpaaië moet verkieslik uitgelê word met inagneming van die mikpunt.

Doelwit t.o.v. bestaande wandelpaaie:

Indien daar geen ander alternatief bestaan nie moet maatreëls getref word om verdere erosie te voorkom.

Aksies om die doelwit te bereik met inagneming van die mikpunt:

Op bestaande wandelpadseksies, soos by Mushroom Rock (M1) en Brandwagrots (R11-R12) moet die volgende addisionele maatreëls getref word, naamlik:

- * die aanbring van addisionele erosiesparre;
- * die aanbring van trappe en handrelings (Figuur 4.2, bl. 140);
- * die aanbring van 'n permanente oppervlak (Figuur 4.3, bl. 141) soos beskryf in Afdeling 4.4.2.2.

4.4.2.1.2.3 Wydte en diepte van wandelpaaie

Uit Afdeling 3.7.4 blyk dit dat soos wat die persentasie van die dwarsprofiel wat erosie ondervind toeneem, is daar 'n toename in erosie. 'n Toename in die wydte van die wandelpad, veroorsaak ook 'n toename in erosie.

Doelwit:

Maatreëls moet getref word om die toename in erosie a.g.v. 'n toename in die wydte en diepte van die wandelpad te verminder.

Mikpunt:

Wat betref die Ribbokvoetslaanpad word aanbeveel dat die wydte van die voetslaanpad sowat 50 cm moet wees volgens die riglyn van Levy (1982:7). Wat die ander wandelroetes (dagroetes) betref is die aanbevole wydte 1 tot 1,5 meter (Levy (1982: 7) vir twee persone langs mekaar. Dit word egter betwyfel dat dit prakties moontlik sal wees, aangesien wandelroetes in 'n bewaringsgebied voorkom en daar gevolglik so min as moontlik versteuring van omgewing moet wees. Die aanbevole wydte van dagroetes is dan ook 50 cm.

Aksies t.o.v wandelpaaie wat diep uitgetrap raak:

Sodra wandelpaaie te diep uitgetrap raak, begin die stappers dit as 'n fisiese hindernis ervaar. In sulke gevalle moet die wandelpadseksies van 'n permanente loopoppervlak voorsien word. Die wandelpad moet fisies eers opgevul en gekompakteer word, waar prakties moontlik (soos in die geval van in situ verweerde sandsteen, meetpunt: NB2, Afdeling 3.10.1). Hierna moet die permanente loopoppervlak aangebring word (Soos beskryf in Afdeling 4.4.2.2.).

4.4.2.1.2.4 Oppervlakteruheid van die wandelpad

Oppervlakteruheid word deur die stapper as 'n fisiese hindernis ervaar. Die wandelpad word al wyer uitgetrap. 'n Groter oppervlakte word versteur, gekompakteer en veroorsaak gevolglik meedere erosie.

Doelwit:

Oppervlakteruheid van die wandelpad moet geminimaliseer word ten einde nie verder as 'n fisiese hindernis ervaar te word nie en ook om meerdere erosie te verminder.

Mikpunt:

Oppervlakteruheid moet as sodanig geminimaliseer word deur te verhoed dat wandelpaaie wyer uitgetrap word.

Aksieplan:

Los rotsfragmente en kompaktering moet fisies verwyder word in die wandelpadoppervlak.

4.4.2.1.3 Verlies van plantvoedingstowwe in die wandelpad a.g.v. erosie**Doelwit:**

Die herstel van die verlies aan plantvoedingstowwe in die wandelpad tydens rehabilitasie.

Mikpunt:

Die ideale voedingstatus van die natuurlike veld (Tabel 3.3, bl. 147)

Aksie om die mikpunt te bereik:

Die betrokke gedegradeerde seksies kan bemes word met 'n geskikte kunsmis, gebaseer op 'n bemestingsaanbeveling ten einde die aanvanklike vestiging van plantgegroei moontlik te maak.

4.4.2.1.4 Grondkompaksie a.g.v. die stapaksie

Dit is onvermydelik dat kompaktering van die grondoppervlakte en die vernietiging van die plantbedekking a.g.v. die stapaksie gaan voorkom. Gedurende die nat tydperk sal plaaterosie ook verdere erosie tot gevolg hê.

Doelwit:

Skakel grondkompaksie uit om verdere erosie te verminder.

Mikpunt:

Grondkompaktoestande in die natuurlike veld.

Aksie om die mikpunt te bereik:

'n Permanente loopoppervlak (soos beskryf in Afdeling 4.4.2.2) moet voorsien word.

4.4.2.1.5 Onderhoud van wandelpaaie

Doelwit:

Gereelde onderhoud van wandelpaaie moet plaasvind, ten einde fisiese hindernis a.g.v. grasblare wat oorhang en gevolglik kan lei tot die uittrap van een kant van die pad. 'n Groter grondoppervlakte word blootgestel wat kan lei tot meerdere erosie.

Mikpunt:

Beperking van die oppervlakte wat blootgestel word aan erosie.

Aksies:

Gereelde onderhoud van wandelpaaie moet plaasvind deur die wegsny van gras op die padskouers. Chemiese snoei van gras langs die wandelpad (m.b.v. 'n geskikte omgewingsgunstige chemikalieë) is 'n ander alternatief wat ondersoek behoort te word.

4.4.2.2 Die rehabilitering van bestaande vervalde gedeeltes
--

Doelwit:

Die konstruksie van permanente wandelpadoppervlaktes en erosiesparre moet veral in gedeeltes wat sensitief is vir erosie, onderneem word.

Mikpunt:

Die stabilisering van wandelpadgedeeltes wat sensitief is vir erosie.

Aksies om die bepaalde mikpunt te bereik:

Dit word aanbeveel dat 'n permanente wandelpadoppervlaksegmente (PW-segmente) (Figuur 4.3, bl. 141), soortgelyk aan die konsep van die gebruik van reno-matrasse in kanale (Figuur 3.15, bl. 49, Hoofstuk 3), gebruik word vir die stabilisering van wandelpadgedeeltes wat sensitief is vir erosie. Die installering van die PW-segmente sal lei tot die opvang van en akkumulering van sediment (kyk Afdeling 3.10.2) in die oop ruimtes soos aangetoon in Figuur 4.3, bl. 141. Die sediment wat akkumuleer in die oop ruimtes van die PW-segmente dien as 'n ideale groeimedium vir pioniersgrasse.

Alvorens die PW-segmente geïnstalleer word moet :

- * die wandelpadseksies gelyk gemaak word met 'n graaf en gekompakteer word;
- * die wydte van die bepaalde wandelpadseksie voldoende wees (ongeveer 50cm) en die kante verkieslik egalig afgesteek word met 'n graaf. Die grond kan gebruik word om die wandelpadseksie op te vul en oortollige grond kan eenkant gehou word ten einde as finale invulling van kante en ruimtes van PW-segmente te dien.

Ankerpenne kan deur die ruimtes (soos aangetoon in Figuur 4.3, bl. 141) ingeslaan word en waar nodig kan 'n dun strokie sement aan weerskante van die PW-segmente aangebring word ten einde die stabiliteit van die konstruksie te verseker.

Die PW-segmente (Figuur 4.3, bl. 141) moet sodanig geïnstalleer word dat die segmente gelyk met die omliggende grondoppervlak is. Dit sal verseker dat sediment, organiese materiaal en grassade wat afkomstig is van die natuurlike veld, opgevang word in die oop ruimtes van die PW-segment.

In die konstruksie van die PW-segmente word voorsiening gemaak vir 'n afleikanaal vir water. Sekere PW-segmente word dan ook so gekonstrueer dat die afloopwater op sekere gekose gedeeltes afgekeer kan word na die natuurlike veld. Die voordeel van die aanbring van die PW-segment is dat die PW-segment die afloopwater se spoed breek en gevolglik sal dit erosie verminder waar die afloopwater afgekeer word in die natuurlike veld. Waar die water in die veld invloei moet 'n reeks van 2-3cm-dik erosiesparre aangebring word in die vorm van 'n driehoek met die breedste kant aan die hangafwaartse kant vir 'n afstand van ongeveer 1 meter.

'n Alternatiewe metode om erosie van die wandelpaaië te bekamp is die gebruik van rubbermatte soos aangetoon in Figuur 4.4, bl. 142. Die rubbermatte besit ook oop ruimtes wat met die tyd deur sediment ingevul sal word en moontlik 'n plantbedekking sal kan onderhou. Die rubbermatte kan op ruwe gedeeltes aangebring word, waar die oppervlakteruheid as 'n fisiese hindernis deur die stapper ervaar word.

In gebiede met steil hange moet PW-segmente en Rubbermatte in die vorm van trapstrukture aangebring word. Oop loodregte ruimtes moet verkieslik met sement of erosiesparre bedek word.

Nog 'n alternatief is om houttrapstruktuur met handrelings op veral die baie steil wandelpadseksies aan te bring (Kyk Figuur 4.2, bl. 142). Die struktuur verseker dat die loopoppervlak totaal geïsoleer is van die grondoppervlakte.

Wandelpadseksies wat gesluit word moet ook gerehabiliteer word en wel volgens die volgende metode:

- * die afskuinsing van kante van die wandelpadseksie met behulp van 'n graaf;
- * die losmaak van die grondoppervlak;
- * die insaai van 'n aangepaste inheemse grassaadmengsel;
- * die aanbring van genoegsame erosiesparre; of
- * die wandelpadseksie kan gesluit word en gelaat word sodat natuurlike geomorfologiese prosesse voortgaan om 'n ewewig daar stel tot dat die natuurlike vesting van plantegroei weer plaasvind.

Die verlies in plantbedekking as gevolg van die impak van die stapaksie op die wandelpadoppervlakte kan moontlik reggestel word deur oorweging te skenk aan die insaai van 'n geskikte, aangepaste, inheemse grassaadmengsel. Die vereiste vir die

